Geopende Deure

# GEBEDSKALENDER



**September 2025**

"En mag die God van alle genade self, wat ons geroep het tot Sy ewige heerlikheid in Christus Jesus, nadat ons 'n kort tyd gely het, julle volmaak, bevestig, versterk en grondves!"
1 PETRUS 5:10

# SEPTEMBER

## MANS IN SUB-SAHARA AFRIKA

**1 September**

Bid saam met Jemal*, ŉ Ethiopiese gelowige wie se suksesvolle houtwerk- en staalondernemings in aanvalle deur Islamitiese ekstremistiese bendes vernietig is. "Bid dat Christene invloed in ons gemeenskap sal herwin," sê hy.

**2 September**

Waar Jemal woon, het Moslems die Christene geïsoleer. Dit is moeilik, selfs gevaarlik, vir kinders om alleen skool toe te gaan. Hy vra ons om te bid: "Bid vir vrymoedigheid op elke plek waar ek gaan."

**3 September**

Bid dat God pastoor Zumai* van Nigerië sal versterk. Hy herleef daagliks saam met sy vrou die trauma wat sy in militante gevangenskap opgedoen het.

**4 September**

Bid vir mans regoor sub-Sahara Afrika wie se gesinne weens geweld uit hul huise ontwortel word. Ekstremiste weet dat mans geneig is om minderwaardig en swak te voel wanneer hul gesinne van ander afhanklik is om te oorleef.

**5 September**

Prys God vir Sy voorsiening. Pastoor Barnabas van Nigerië het ŉ bedankingsboodskap gedeel. Hoewel sy gesin steeds in ŉ kamp vir interne

*Jemal, ŉ Ethiopiese gelowige.*



*Name verander weens veiligheidsredes.

ontwortelde mense woon, is sy kinders nou terug in die skool "danksy die ondersteuning wat ek van die bediening ontvang het," sê hy.

**6 September**

Bid vir God se krag vir Christen-mans in Kameroen se Verre Noorde, ŉ streek wat deur Boko Haram geterroriseer word. Mans dra die las om vir hul gesinne te sorg en hulle teen aanvalle en ontvoering te beskerm.

**7 September**

Adam en sy gesin van ses is ook uit hul huis in die Verre Noorde van Kameroen ontwortel.. Hy is twee keer ontvoer. Bid saam met hom dat die nagmerries sal stop.

**8 September**

Prys God saam met ons vir Adam se ontsnapping uit gevangenskap. Hy het ontsnap toe die mans wat hom opgepas het, in ŉ diep slaap geval het – die nag voordat hy tereggestel sou word.

**9 September**

Adam lei sy plaaslike Christen-gemeenskap. Bid vir beskerming. "Ons bly vlug omdat daar geen vrede is nie," sê hy. "Bid saam met ons dat God ŉ weg sal maak."

**10 September**

Bid saam met pastore regoor sub-Sahara Afrika wat dikwels teikens van vervolging is. Dank God vir pastore wat hierdie risiko neem om die Kerk te lei en te dissipel.

**11 September**

Pastoor Soré het ŉ opdatering gedeel: Sy Moslem-pa het by hom kom woon op die grond waar sy familie hulle gevestig het nadat hulle ontwortel is. "Bid vir my pa en sy familie se bekering," vra pastoor Soré.

**12 September**

Bid vir biskop Wilfred Anagbe en sy dorp in Nigerië se Benue-staat. Sy getuienis voor die Amerikaanse Kongres het dreigemente van beide Islamitiese ekstremistiese groepe en die Nigeriese regering ontlok.

**13 September**

Bid dat God biskop Wilfred se getuienis sal gebruik om wêreldleiers wakker te maak oor die geweld teen God se mense in Nigerië en regoor sub-Sahara Afrika. Bid vir skuldigbevinding en dringende optrede.

**14 September**

Bid vir vader Solomon Atongo in Benue-staat, wat in die been geskiet is terwyl hy van ŉ gedenkdiens teruggekeer het. Sy twee metgeselle is ontvoer. Bid vir sy vertroosting en deursettingsvermoë.

**15 September**

Bid vir vaders in Gwer-Wes in Benue-staat, waar ŉ reeks gewapende aanvalle meer as 40 mense dood gelaat het. *"God, ons bid nou vir die vaders wat ly en ontman voel. Versterk hulle asseblief met U krag en vrede wat alle verstand te bowe gaan"* (Fil. 4:7).

*Rifkatu deel haar storie.*



**16 September**

Ontvoerde vroue wat uit gevangenskap ontsnap, kom dikwels huis toe met kinders wat in gevangenskap gebore is. Sommige keer swanger terug. Bid vir die mans wat sukkel om hierdie kinders of swangerskappe te aanvaar. Ekstremiste gebruik verkragting as ŉ wapen teen beide vroue en mans.

## VROUE IN SUB-SAHARA AFRIKA

**17 September**

Rifkatu* is vier weke ná haar troue ontvoer. Sy het ondenkbare geweld deur haar ontvoerders verduur. Prys God vir haar vrylating en bid vir volgehoue genesing.

**18 September**

Rifkatu word voortdurend geteister deur verskriklike nagmerries oor Fulani-militante wat haar agtervolg. Bid dat die Prins van Vrede hierdie nagmerries sal wegneem en haar broodnodige rus sal gee.

**19 September**

Rifkatu is desperaat om te verhuis ter wille van haar gesin se veiligheid. “Bid dat God die gebied waar ek woon, sal verander,” vra sy. “Ek het ŉ sterk begeerte dat God dit sal verander.”

**20 September**

Bid vandag saam met Hakuri*, ŉ weduwee in Niger. “Bid vir vrede in ons streek en teen onsekerheid,” vra sy. “Ons is bang vir wat gebeur. Ons hoor elke dag geweerskote.”

**21 September**

Bid saam met weduwees wat dikwels vra vir getroue veerkragtigheid. Hakuri sê: “Ek smeek Christene regoor die wêreld om vir ons te bid – ons het vrede nodig. Bid dat God ons geloof in Christus



**Name verander weens veiligheidsredes.*

sterk sal maak om vervolging te verduur."

**22 September**

Bid dat weduwees ekonomies veerkragtig sal wees en nie vatbaar vir lokmiddels en skemas sal wees nie. Armoede kan dikwels tot desperaatheid en oorgawe lei.

**23 September**

Bid saam met weduwees wat ook moeders is en hul kinders as enkelouers moet beskerm en versorg. Een weduwee-moeder het met ons gedeel: "Ek bid elke dag vir vrede en my kinders se gesondheid."

**24 September**

Bid vandag vir vroue in sub-Sahara Afrika wat in trane wakker word en treur oor hul mans, kinders en diegene wat hulle verloor het weens Islamitiese ekstremistiese aanvalle op hul dorpe.

**25 September**

Bid dat God vroue in sub-Sahara Afrika wat seksuele geweld weens hul geloof ervaar het, sal beskerm en hulle op elke gebied sal herstel.

**26 September**

Rifkatu het genesing gevind by Geopende Deure se traumasorgsentrum in noordelike Nigerië. Vra God om die Shalom-sentrum en sy werkers oorvloedig te seën.

**27 September**

Vra God om meer traumasorgwerkers toe te rus. Bid vir die werkers se emosionele en geestelike welstand terwyl hulle luister na herhaaldelike verslae oor seksuele geweld.

**28 September**

Bid dat vroue wat soveel vir hul geloof gely het, op ondenkbare maniere daaraan herinner sal word dat hulle deur hul geloof dogters van God is (Gal. 3:26) en mede-erfgename met Christus.

**29 September**

Bid saam met vroulike gevangenes wat fisiese knegte van hul ontvoerders is. Bid dat hulle sal onthou dat hulle as gevolg van Christus se werk aan die kruis nie meer geestelik verslaaf is nie.

**30 September**

Bid vir vroue in sub-Sahara Afrika – die fakkeldraers vir die volgende geslag, die handvashouers, die tranevangers. Vra God om hulle spesiaal te seën.

Geopende Deure

Geopende Deure Suider-Afrika
T +27 11 888 9341
E southafrica@od.org
+27 66 397 1319

VOLG ONS OP:
www.opendoors.org.za

Geopende Deure Open Doors NPC – Reg. Nr: 2004/023397/08 – PBO Nr: 930011129